SIL 0005-0004-015

5

TRANSVALER 17 OKTOBER 1979

# Sithole-uitstalling stel teleur

**LUCAS SITHOLE se uitstalling in Galery 21, Johannesburg**

**NA die pas afgelope oorsigtentoonstelling van Lucas Sithole by die RAU, is dié twaalf nuwe werke 'n taamlike teleurstelling.**

**Dis altyd moeilik om ná 'n keur van 'n kunstenaar se werke, 'n klein uitstalling te moet aanbied (soos enige handelsgalery noodgedwonge moet doen) wat in enige opsig op dieselfde vlak as eersgenoemde kan meeding.**

Met die uitsondering van twee of drie werke, is daar werklik geen hoogtepunte nie en word kleinerige beelde sonder enige inherente gevoel neergelê. Dit was nog altyd Sithole se grootste vyand, soos met so baie kunstenaars wat reeds sterk aanhang opgebou het en dan, met die oog op die beursie, hulle natuurlike talent op rolskaatse plaas en op 'n eweredige kwalitatiewe glybaan net voort te karring. Dis ook nie altyd moontlik vir die galeryeienaar om so iets te beteuel nie, want die Suid-Afrikaanse kunsmark is net té klein om absolute norme neer te lê. Die „briek-aandraai" moet van die kunstenaar self kom, om ten minste dan 'n vergulde omboorsel om die natuurlike gulsigheid te plaas. Jy moet werklik groter selektiwiteit aan die dag lê, mnr. Sithole.

„While I'm guitaring" het mooi momente in die vertikale vlakke behalwe foute (kerffoute?) wat by die hande insluip. „Musani!" (Don't leave me alone) herinner van die pragtige volbruik vrou in rooi ivoor van die jare sestig, maar toon tog 'n aangename emosionele gevoel.

„Poyisa Kuyashisha" (Life is hot if you are a policeman) is die beste van die klein werkies en besit 'n mooi weergegewe humorsin. „Searching for friends" is egter weer tipies van Sithole waar hy die vorm van die hout nie instudeer het nie en 'n ongemaklike, redelik onsinnige beeld van 'n viervoetige voël voortbring.

Dié uitstalling stel ook 'n omvattende katalogus van Sithole se beste werke bekend en hoewel die formaat nie heeltemal na wense is nie (die klein bladspieël is natuurlik vanweë finansiële beperkinge) is dit tog van belang vir die kunsstudent en -liefhebber.

**Zandberg Jansen**